

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: "Is daar uitdagings in ons Christenwees vandag?"**

**Skriflesing: Markus 10:35-45**

### Broodjies vir die pad

Be true to yourself, help others, make each day your masterpiece, make friendship a fine art, drink deeply from good books - especially the Bible, build a shelter against a rainy day, give thanks for your blessings and pray for guidance every day.  
~ *John Wooden*



**'The Prophet': Gibran se prosa in volkleur**  
Uitsonderlike animasie vir ikoniese boek

*Rozanne Els*

#### The Prophet Animasie-drama

Min fliks word so gemaak dat jy voel jy is deel van die skilderproses. Die skeppingsproses speel hier voor jou oë af eerder as wat jy net die eindproduk sien.

**Kahlil Gibran** se ikoniese boek *The Prophet* is 'n geliefde en alombekende skryfstuk wat sy plek in die literêre geheue verewig het. As 'n fliks het dit dus besonderse potensiaal, maar bied ook legio uitdagings as 'n geestelike teks bestaande uit prosastukke wat diep, treffende sentimente deel.

Hoe gemaak om verskillende boodskappe in die geheel deur te gee, maar op so 'n manier dat dit as fliks kan meesleur? 'n Fliks is 'n ander soort ontvanger as 'n leser – 'n visuele aanslag is dan noodwendig belangrik, maar die medium vereis ook 'n mildelike verteerbaarheid – iets wat Gibran se geskifte nie altyd en vir almal is nie.

So, hier word dit vertel op 'n amper magiese manier as 'n storie oor 'n eiewyse meisie, Almitra (stemkuns deur Quvenzhané Wallis), wat met die gevange digter Mustafa (Liam Neeson) bevriend raak.

Almitra het sedert haar pa se dood nie weer 'n woord oor haar lippe laat kom nie, maar op 'n manier is sy en Mustafa eintlik deurentyd in gesprek. Dit is by hom wat sy leer wat dit regtig beteken om gevange te wees.

Gibran se temas – van onder meer liefde en vreugde, hartseer en pyn, plesier en passie – word as hoofstukke in die fliks hanteer, elkeen deur 'n ander regisseur en animasiekunstenaars. Die animasie is uitsonderlik. Die verskillende style trek 'n duidelike lyn deur die temas, maar onderskei dit ook. Dié segmente is saamgetrek deur die regisseur Roger Allers wat 'n hand oor die produk in die geheel gehou het.

Maar hoe pragtig en roerend die beelde is wat voor jou afspeel, is dit onduidelik vir wie dié fliks gemaak is. Wie is die gehoor wat 'n flikskaartjie hiervoor sal koop? Dit is wel gewis dat jy sonder twyfel in blye gemoed dat jy dit gesien het by die teater sal uitloop.

Tog, sou ek sê, is dit net-net te kompleks vir 'n jonger gehoor, hoewel die temas, grotendeels danksy die oorrompelende kreatiwiteit van die animasie en Neeson se stem wat jou lei, besonder eenvoudig uitgelê word.

Maar dit is ook die animasie wat 'n ouer gehoor gaan weghou – vooropgestelde idees is nare goed en oor animasie is daar baie, veral dat prentjies net vir die kleinspan bedoel is.

Maar laat ek jou sê, dit is beslis nie so nie.

Dié sentiment word beaam deur 'n deel van die fliks en Gibran se boodskap: Jy is en kan niemand anders se gevangene as jou eie – en jou persepsies s'n – wees nie.

■ Kyk ook: *Spirited Away*

■ Met die stemkuns van o.a. Liam Neeson, Salma Hayek en Quvenzhané Wallis. Regie deur o.a. Roger Allers. 84 minute.

<http://www.netwerk24.com/vermaak/fliks/2015-10-09-the-prophet-gibran-se-prosa-in-volkleur>



Pray that your loneliness may spur you into finding something to live for, great enough to die for.  
~ *Dag Hammarskjöld*

### Brood vir die pad

#### Mag ons ou helde nooit vergeet

*Bill Nasson*

**Robert Sobukwe: How Can Man Die Better** deur Benjamin Pogrund.

**Uitgewer: Jonathan Ball.**

**Prys: R260.**

Robert Mangaliso Sobukwe, stigter en leier van die Pan Africanist Congress aan die einde van die 1950's, was lank 'n betreklik afgeskepte randfiguur in die verhale van mense soos Nelson Mandela en Steve Biko.

Dit is dalk nêrens so duidelik as tydens toeristebesoeke aan die Robbeneiland-museum nie. Afhangende van die beperkte

uitgangspunt of ANC-lojaliteit van wie ook al die dag die gids is, is dit moontlik vir 'n toeris om die eiland te besoek sonder om by Sobukwe se sel stil te staan en met geen woord wat gerep word oor sy jare in eensame aanhouding daar nie.

Dit noop 'n mens byna om te dink net soos wat die PAC al amper in die niet verdwyn het, het Sobukwe ook al vergete geraak in 'n land wat bekend is vir die kort en teenstrydige weergawes van sy verlede.

Nogtans is die historiese nalatenskap van hierdie merkwaardige seun van die Karoo nog nie heeltemal van die geheuebord afgevee nie. In sy geboortedorp, Graaff-Reinet – waar dit al van die honde gesê is dat hulle net in Afrikaans blaf – het die plaaslike museum hierdie kind van 'n munisipale werker en 'n huiswerker vereer deur 'n Robert Mangaliso Sobukwe-vleuel tot stand te bring.

Twaalf jaar later het die Stad Kaapstad Modderdamweg op die Kaapse Vlakte herdoopt na Robert Sobukweweg. Die Universiteit van Fort Hare, waar Sobukwe in die 1940's studeer het toe dit nog as die South African Native College bekend gestaan het, het herdenkingslesings aangebied waarin hy as die Steve Biko van sy tydvak geloof is. Op sulke maniere het Sobukwe se verlede meer erfenis as geskiedenis geword en meer 'n geleentheid vir 'n laevlak-herdenking as 'n historiese waardering van die belangwekkende persoon wat hy eintlik was.

Onder die redes waarom Robert Sobukwe: How Can Man Die Better so 'n puik boek is, is omdat dit 'n intieme persoonlik portret van Robert Sobukwe skets en terselfdertyd 'n fassinerende historiese biografie is wat sy lewe ten volle in 'n historiese konteks plaas. Dit is geskryf deur Benjamin Pogrund, vooraanstaande joernalis en voormalige redakteur van The Rand Daily Mail, en dié heruitgawe van die boek is 'n aantreklike publikasie van 'n biografie wat vir die eerste keer in 1990 die lig gesien het. Terwyl die verhaal grootliks dieselfde bly, word die heruitgawe toegelig met skaars foto's en 'n nuwe epiloog wat Sobukwe se waardigheid tot in die huidige en ietwat morsige hedendaagse Suid-Afrika bring.

In 'n land wat gebuk gaan onder skrynende armoede, ongelykheid en chroniese geweld, asook opportunistiese rassepopulisme, is dit nie moeilik om te raai in watter rigting die bespiegeling in die boek telkemale neig nie: “As Sobukwe maar net vandag nog gelewe het...”

Ons sal sekerlik nooit weet wat die ware toedrag van sake in daardie geval sou gewees het nie, maar dit kan ook net wees dat hy sou wees wat hy op daardie beslissende oomblik van Sharpeville in Maart 1960 was: 'n produk van die PAC in 'n spesifieke tydvak, van sy Christelike kultuur en van sy dwingende besef van persoonlike morele deugsamheid.

Pogrund se storie is 'n bietjie skrap wat Sobukwe se vroeë leeftyd betref. Hoewel dit hard en eenvoudig was, is dit oorheers deur die gesin se versugting na geleerdheid. Hoewel sy pa uiteraard nie boeke by Graaff-Reinet se biblioteek kon uitneem nie, het hy die boeke huis toe gebring wat uitgegooi is. 'n Liefde vir lees het Sobukwe se ontwikkeling aangehelp en dit het eindelijk tot verskeie universiteitsgrade en 'n lektorspos aan die Universiteit van die Witwatersrand gelei, voordat hy hom in die strugle teen apartheid begewe het.

Die prys wat hy hiervoor moes betaal, was hoog: Dit het gelei tot jare se gevangenskap op Robbeneiland en 'n verbanningsbevel wat hom sy vryheid ontnem het en hom na Kimberley verban het tot sy dood in 1978.

Die kern van die boek is natuurlik nie Sobukwe se nalatenskap nie, maar die omvang van sy lewe en dit wat hy vermag het. In dié opsig is Robert Sobukwe omvattend en leesbaar geskryf. Dit reik wyd en is propvol inligting wat simpatiek en met begrip aangebied is. In die politieke arena was hy ongetwyfeld 'n vooraanstaande figuur en Benjamin Pogrund verwoord dit uitmuntend.

As begaafde en medemenslike Afrika-nasionalis het Sobukwe in die 1940's in die ANC-jeugliga opgang gemaak. Hy het toenemend 'n meer radikale vorm van Afrikanistiese denke begin aanhang en in die volgende dekade het hy sy neus vir die sogenaamde Defiance Campaign teen apartheid opgetrek. Hy het dit afgekeur as 'n vertoning wat deur die ANC se kommunistiese bondgenote bekook is en waarin Afrika-nasionaliste nie 'n beduidende leierskapsrol sou speel nie.

In 1959 breek Sobukwe en ander radikale Afrikaniste weg en vorm die PAC te midde van krete van “Africa”.

Hulle kies 6 April doelbewus as die stigtingsdag van die nuwe beweging omdat dit ook Van Riebeeckdag is. Hy doen 'n beroep om nie saam met die apartheidstelsel te werk nie en neem die leiding deur 'n militante burgerlike militantheidsveldtog te mobiliseer met klem op die nie-gewelddadige aard daarvan. Met die skep van 'n militante swart bewussyn is die eerste doelstellings van die PAC die afskaffing van die paswette en die bedinging van 'n minimum loon. Sobukwe het dit aan sy volgelinge gestel dat hulle aan die regte kant van die geskiedenis is as hulle die ganse Afrika vir Afrikane oeps.

Die geskiedenis was egter nie aan hulle kant nie – nog nie. Die Sharpeville-slagting was 'n geveg wat verloor is, ofskoon die eggo's van die gebeurtenis vir nog lank bly weerklank het.

Nadat sy organisasie verban is en Sobukwe in hegtenis geneem en opgesluit is, sou hy die res van sy lewe in die greep van die outoritêre staat slyt. Die boek bied heelwat besonderhede en insigte oor dié moeilike tydperk. Vanuit die tronk dring hy daarop aan dat hy nie teen wit mense is nie, en dat sy verklaring van “Afrika vir die Afrikane” beteken om 'n Afrikaan te wees het nie met kleur te doen nie, maar dit is eerder 'n aanvaarding van Afrika as tuiste en 'n lewe onder 'n Afrika-regering.

Daar kan nie baie politieke biografieë wees waar die outeur en sy onderwerp so 'n wedersydse aangetrokkenheid geniet het nie. Pogrund het in April 1959 onder dieselfde dak as Sobukwe gebly en was vir die res van sy lewe nou by hom betrokke. Hierdie nabye kennis verseker dat die biografie nie net met politiek volgeprop is nie, maar ook met emosie. Die skrywer was Bob Sobukwe se “Benjie” en tot sy dood was die PAC-leier “Uncle Bob” vir Pogrund se kinders. Bob het nooit moeg daarvan geraak om werk van die 18de eeuse Ierse dramaturg Sheridan of die romans van C.P. Snow te lees nie.

In die literêre sin was Robert Sobukwe nie soseer die begin van 'n revolusionêre nuwe styl van swart nasionalisme nie as wat hy die einde van 'n ou era verteenwoordig het waar 'n breë opvoeding nog gegeld het.

■ *Prof. Bill Nasson is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se departement van geskiedenis.*

<http://www.netwerk24.com/vermaak/boeke/2015-10-11-mag-ons-ouhelde-nooit-vergeet>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877